RAADSKENNISGEWING 11 VAN 2019

OMSKRYWING VAN PRODUKSIEGEBIED: KUSSTREEK (WYSIGING)

Die Wyn- en Spiritusraad, handelende kragtens artikel 6A van die Wyn van Oorsprong-skema gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. R.1434 van 29 Junie 1990-

(a) omskryf hierby die area in die Bylae gespesifiseer as 'n produksiegebied (streek) onder die naam Kusstreek; en

(b) herroep hierby Raadskennisgewing 17 van 15 Februarie 2002.

OLIVIA POONAH
SEKRETARIS: WYN- EN SPIRITUSRAAD

BYLAE

OMSKRYWING VAN PRODUKSIEGEBIED: KUSSTREEK

1. Die area geleë in die Administratiewe Distrikte van Kaap, Stellenbosch, Paarl, Malmesbury en ’n gedeelte van die Administratiewe Distrik Tulbagh, noord van 'n denkbeeldige reguitlyn getrek om die suidoostelike baken van die grond bekend as Kasteels Kloof op die grens tussen die Administratiewe Distrikte van Tulbagh en Paarl te verbind met die suidoostelikste baken van die grond bekend as Dixon's Berg, op die grens tussen die Administratiewe Distrikte van Tulbagh en Ceres deur die dorpsgebied van Wolseley.

2. Die area geleë in die Administratiewe Distrik van Piketberg; daarvandaan algemeen noord met ‘n denkbeeldige reguitlyn, getrek vanaf die suidwestelike grens van die plaas 227/8 tot by die noordoostelike grens van plaas 227/1; daarvandaan verder noord met ’n denkbeeldige reguitlyn

tot by ’n punt waar dit by die suidoostelike grens van die produksiegebied Lambertsbaai aansluit.

3. Ingesluit die produksiegebiede Lambertsbaai (wyk), Bamboesbaai (wyk), Lutzville Vallei (distrik) en volg die kontoerlyn tot waar dit aansluit by die kus.